Laerskool Wittenberg

Posbus 501; Piet Retief; 2380
Telnr. 017 821 0665 / 071 604 2804
Selnr. 071 604 3344
Faks: 086 517 5294
E-Pos: wittenbergadm@gmail.com

21 Augustus 2020

Geagte ouer.

Graag wil ek die volgende aan u deurgee:

Rooster: Die skool sluit vanaf volgende week weer om 14:00. Vrydae om 13:15.

Huiswerk: Daar word nog steeds geen huiswerk gegee nie behalwe lees en spelling by die tale. Ouers moet egter kennis neem van die volgende:

- As ‘n leerling nie werk in die klas nie en gevolglik nie klaar kry nie, sal die werk as huiswerk saamgestuur word!
- Dit kan gebeur dat ‘n onderwyser agter raak met die werk wat behandel moet word. In die geval sal die onderwyser u vroegtydig waarsku dat daar vir ‘n tydjie huiswerk gegee gaan word in die vak.

Pandemie: Al die streng voorsorgmaatreëls by die skool en bus, waar ons poog om dit vir die kinders en personeel so veilig as moontlik te maak, bly in plek. As personeel vra ons elke ouer om dit ook ernstig op te neem. Herinner u kind gedurig daaraan dat dit ‘n baie gevaarlike siekte is en nog ‘n hele tydjie met ons sal wees.

Sport/kutuur: Ongelukkig is sport- (behalwe tennis) en ander kultuuraktiwiteite nog steeds verbode by skole. Sodra die verbod gelig word sal ons weer ‘n besluit moet neem oor die skoolrooster.

Erfenisdag: Donderdag, 24 September is ’n vakansiedag. Die Vrydag is ’n offisiële skooldag, maar ons het besluit dat die skool die Vrydag ook gesluit sal wees. Dus ’n langnaweek vir ons kinders en personeel.

Kleredrag: Reëlings bly dieselfde. (Omsendbrief: 18/08/2020)

Vervoer: Reëlings bly dieselfde. (Omsendbrief: 18/08/2020)

Vriendelike groete,

Mnr.Lilje